higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR-VLAK 2

(5030042)

28 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

442Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR-VLAK 2
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die volgende stelling beskryf ontwikkeling die beste:

A Kinders se struktuur verander voortdurend.
B Kinders se fisieke massa verander voortdurend.
C Kinders se lengte verander voortdurend.
D Kinders se kennis neem voortdurend toe deur stimulasie.

1.1.2 Stotter kan 'n kind se … in die vroeë kinderjare beïnvloed.

A groei
B kognitiewe ontwikkeling
C selfbeeld
D fisieke ontwikkeling

1.1.3 Die brein beheer onwillekeurige funksies van die liggaam soos hartklop ...

A en asemhaling.
B sweet en asemhaling.
C sweet en hardloop.
D asemhaling, sweet en vertering.

1.1.4 'n … sal omvattende oogsorg aan 'n siggestremde kan bied.

A Oogkundige
B Oftalmoloog
C Tandarts
D Arbeidsterapeut

1.1.5 Dit is NIE 'n goeie strategie om te verseker dat sosio-ekonomiese toestande nie 'n hindernis tot leer is nie wanneer …

A ouers by 'n geenskoolgeldskool skryfbehoeftes vir hul kinders moet koop.
B die skool vir leerders sportklere vir wedstryde gee.
C die skool voedsame kos vir ontbyt en middagete bedien.
D die skool fondse insamel om leerders te borg wat nie skooluitstappies kan bekostig nie.

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Balansering is 'n aktiwiteit wat motoriese vaardighede behels.

1.2.2 Die brein word in vier hoofhemisfere verdeel.

1.2.3 Handgebare is 'n aanvaarbare deel van kommunikasie wat kinders kan gebruik om hulself uit te druk.

1.2.4 Die insluitingsbeleid in skole verhoed opvoedkundige diskriminasie.

1.2.5 Kinders aanvaar diversiteit wanneer hulle nie mekaar se godsdiens respekteer nie.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Kunsmatige inseminasie	A	waardes en oortuigings van 'n gesin of samelewing
1.3.2	Normatiewe ontwikkeling	B	die bloedbeleid verwyder stigma
1.3.3	Manipulatiewe spel	C	sperms wat in 'n vrou se baarmoeder ingespuit word
1.3.4	Ouditiewe hindernis	D	speel met 'n springtou
1.3.5	MIV/VIGS	E	'n gehoorapparaat sal daarmee help
		F	druk 'n bol klei in 'n houer

(5 × 2) (10)

1.4 Kies 'n woord uit die volgende lys om elke sin hier onder te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK.

chroniese; verbeelding; aanraking; skree; suurstof; ubuntu

1.4.1 Die naelstring voorsien die fetus van voedsel en ...

1.4.2 'n Sagte … kan 'n rustelose kind kalmeer.

1.4.3 Fantasiespel ontwikkel 'n kind se ...

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Een van die kernwaardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet is ...

1.4.5 Aandagafwyking word geklassifiseer as 'n ... toestand.

(5 × 2) (10)

1.5 Kies die korrekte opsie uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Fisieke ontwikkeling is (geestelike/liggaamlike) ontwikkeling.

1.5.2 Die gemiddelde aantal weke tot geboorte is (33 weke/40 weke).

1.5.3 Jonny en Kenny speel langs mekaar, maar nie met mekaar nie. Dit staan bekend as (parallelle spel/ alleenspel).

1.5.4 Insluiting is (ondersteuning vir/genesing van) gestremdheid.

1.5.5 (Uitsluiting/Vertaling) kan die taalversperring tussen die onderwyser en die leerder oplos.


(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Kyk na die prent hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: *www.pictures of facial defects.png*]

2.1.1 Noem TWEE fisieke uitdagings wat deur die kind in die prent hier bo ervaar kan word. (2 × 2) (4)

2.1.2 Noem DRIE maniere waarop kinders met die toestand in die prentjie gehelp kan word. (3)

2.1.3 Noem DRIE maniere waarop die uitdagings wat jy in VRAAG 2.1.1 genoem het die sosiale interaksie van hierdie kind met sy/haar maats kan beïnvloed. (3)

Kopiereg voorbehou

2.2 Jy is 'n graad R-onderwyser by Rising Stars Inclusive Academy.

2.2.1 Skryf DRIE vrae neer wat jy aan leerders kan vra as 'n manier om diversiteit in jou klas bekend te stel. (3)


2.2.2 Noem TWEE kinderregte wat diversiteit in die klaskamer bevorder. (2)

2.2.3 Noem en verduidelik VYF binnenshuise aktiwiteite wat diversiteit in die klaskamer bevorder. (5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 3

Hierdie eenjarige meisie hou daarvan om 'n boek te neem en te babbel terwyl sy deur die boek blaai.



[Bron: *DHOO eksaminator*]

3.1 3.1.1 Noem VYF basiese kommunikasievaardighede. (5)

3.1.2 Noem VYF faktore wat kinders aanmoedig om boeke te lees. (5)

3.1.3 Noem DRIE belangrike reëls wat aan 'n beginnerleerder geleer moet word. (3)

3.2 3.2.1 Gee EEN voorbeeld van 'n manier waarop 'n onderwyser kinders met spesiale behoeftes kan help om in sokker aan te pas. (1)

3.2.2 Noem TWEE maniere waarop onderwysers speeltoerusting in 'n inklusiewe klas en klas vir spesiale behoeftes kan aanpas. (2)

3.3 Noem AGT soorte kinderspeletjies. (8)

3.4 Noem EEN manier waarop versorgers die groei en ontwikkeling van kinders in 'n VKO-sentrum kan ondersteun. (1)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Sekere algemene probleme word deur kinders in die vroeë kinderjare ervaar.

4.1.1 Noem DRIE tekens wat kan aandui dat egskeiding in 'n kind se gesin die kind negatief beïnvloed het. (3 × 2) (6)

4.1.2 Noem DRIE professionele persone wat kinders met geskeide ouers kan help. (3)

4.1.3 Gee TWEE ondersteunende stellings wat die professionele persone aan kinders met geskeide ouers kan gee. (2 × 2) (4)

4.2 Verduidelik die term *formele skool* in jou eie woorde. (2)

4.3 Jou kollege het gereël dat jou klas 'n week by 'n nabygeleë VKO-sentrum kan deurbring om te sien hoe onderwysers met kinders werk.

4.3.1 Noem DRIE fisieke aktiwiteite wat kinders kan doen om hul groot motoriese vaardighede te ontwikkel. (3 × 2) (6)

4.3.2 Noem TWEE fisieke aktiwiteite wat kinders kan doen om hul fyn motoriese vaardighede te ontwikkel. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 5

5.1 Noem EEN stelling wat teen vooroordeel werk wat deur elk van die volgende prente voorgestel word:

5.1.1



[Bron: *www.freepik.com*]

5.1.2



[Bron: *www.microsoft365*]

5.1.3



[Bron: *www.microsoft365*]

5.1.4



[Bron: *www.freepik.com*]

5.1.5



[Bron: *www.microsoft365*]

(5 × 2) (10)

5.2 5.2.1 Noem TWEE soorte prente wat op die muur van 'n graad R-klaskamer geplak kan word ter voorbereiding van 'n nuwe tema, 'Godsdiens'. (2 × 2) (4)

5.2.2 Noem die fees wat op 25 Desember gevier word. (1)

5.3 5.3.1 Noem in jou eie woorde wat jy onder *nageboortesorg* verstaan. (2)

5.3.2 Noem VIER rolle van nageboortesorg wat deur die kliniek en die gesin aan die nuwe moeder gegee word. (4 × 2) (8)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou